**21 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 23:1-12**
**Fokusgedeelte: Numeri 23:11-12**

**Godgegewe getuienis tot seën van God se volk**

Tel jou seëninge! Gaan tel jou seëninge, dan sal jy sien dit gaan nie so sleg met jou soos jy gedink het nie. Die oplossing vir jou ongelukkigheid is daarin dat jy net die POSITIEWE TEEN DIE NEGATIEWE opweeg. Dan sal jy mos sien dit gaan nie so sleg met jou nie. Gaan maak 'n balansstaat van jou lewe, dan sal jy sien hoe geseënd jy is. Jy het gesondheid. Jou kinders is nog lief vir jou, jy kan nog hardloop en speel. Jy kan nog sien, hoor en proe. Jy het nog genoeg kos om te eet. Jy bly nog in jou eie huis ...
*Jy het mos nog al die goeie goed! Kyk hoe geseënd is jy!*
Kan ons regtig so met God se seën werk? Werk met 'n POSITIEF vs NEGATIEF-weegskaal? Is dit hoe God se seën gesien moet word in ons lewens? As Iets wat jy kan tel? Nee, ons moet so versigtig wees as ons dink oor die seën van God, want die antwoord lê nie in die tel van ons seëninge, in die opweeg van positief vs negatief nie. Jy troos nie iemand met 'n:

- *Kyk wat het jy nog ...*
- *Kyk, jy het meer as ander ...*

Die troos is veel groter. Die troos lê in die Woord van God. *In die Godgegewe getuienis tot seën van God se volk.* Dit word pragtig saamgevat in die Kategismus: in lewe en in sterwe behoort jy aan God. Is God by jou en kyk God na jou. Dit is die seën van die Here: Ek sal vir jou 'n God wees ... Jou Vader wat:

- jou beskerm!
- jou sal red
- jou genadig sal wees
- en na jou sal luister as jy bid

*Sing: Skrifberyming 11-3:1-4* *Ds. MJ Erasmus (Pretoria-Wonderboom-Suid)*